**30 JUNIE** **SKRIFGEDEELTE: HOSEA 11**
**FOKUSGEDEELTE: HOSEA 11:8**

## God se liefdevolle Vaderhart brand van liefde vir ons

In hierdie gedeelte sien ons hoe oneindig liefdevol God se hart is. Ten spyte daarvan dat God Israel uit Egipte verlos het, bly hulle ontrou en loop hulle steeds agter ander gode aan (vs. 1-4). God praat hier met Israel, sy kerk, dit wil sê ook met ons. Ons is nog steeds daaraan skuldig dat ons ons rug op God draai. Die gevolg van sonde is die dood (vs. 5-7), maar in plaas daarvan om ons te vernietig, kom God na ons toe met die woorde "My liefde brand te sterk!" O My kind, hoe kan ek jou vernietig? Ek sal jou nie straf oor jou sonde nie. (Vergelyk vs. 8-9.)

Hoe groot hierdie liefde van God werklik is, kan ons sien toe Hy eenmaal wel sy rug op sy Seun gedraai het en Hy Hom oorgegee het om gekruisig te word, sodat ons nooit weer sonder God se liefde hoef te wees nie (1 Joh. 4:9-10): "Híerin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes."

God roep jou ook, om na Hom toe te kom in Jesus Christus. Kom bly by God in jou "huis" wat Hy vir jou voorberei het (vergelyk vs. 10-11).

*Sing: Skrifberyming 33/2-4:1-3* *George van der Walt (Teologiese Student)*